

HOOFSTUK VIII.

VERHOOGDE BELANGSTELLING IN DIE ONDERWYS VAN DIE MASSAS:
LAERONDERWYS.
(NATAL 1911-1940)

1. TOENAME IN DIE AANTAL SKOLE EN LEERLINGE.

(a) Vermeerdering van die aantal skole en die inskrywing.

In hierdie periode is daar 'n verhoogde belangstelling in laeronderwys. Dit blyk veral uit die groei van die aantal skole en leerlinge en die verhoogde skoolbesoek. Die Indiërs self het 'n groter mate van inisiatief aan die dag gelê.

Die volgende tabel bevat die aantal staatskole met die gemiddelde inskrywing en die gemiddelde skoolbesoek vanaf 1911 tot 1931:

TABEL 72.

Staatskole: Inskrywing en Skoolbesoek, 1911-1931. (Natal)

	Skole	Gemiddelde inskrywing	Gemiddelde skoolbesoek.	
1911	5	569	483	(1)
1916	5	832	702	(2)
1921	9	1953	1651	(3)
1926	9	2015	1829	(4)
1931	13	3502	3273	(5)

Daar is 'n vinnige toename tussen 1926 en 1931.

Die volgende tabel gee die aantal ondersteunde skole met die gemiddelde inskrywing en die gemiddelde skoolbesoek vir dieselfde periode:

-
- (1) Natal: Annual Report on Educ. 1911; Supt. of Educ. 11
 (2) Natal: Annual Report on Educ. 1916; Supt. of Educ. 41
 (3) Natal: Annual Report on Educ. 1921; Supt. of Educ. 57
 (4) Natal: Annual Report on Educ. 1926; Supt. of Educ. 66
 (5) Natal: Annual Report on Educ. 1931; Supt. of Educ. 59

(Natal.)
Ondersteunde skole: Inskrywing en skoolbesoek, 1911-1931

	Skole	Gemiddelde inskrywing	Gemiddelde skoolbesoek.	
1911	31	3089	2416	(1)
1916	39	4905	3844	(2)
1921	42	7229	4509	(3)
1926	43	9166	6073	(4)
1931	75	12,816	11,417	(5)

Die aantal skole en leerlinge het tussen 1926 en 1931 byna verdubbeld.

Die volgende tabel gee 'n samevatting van al die Indiërskole met die gemiddelde inskrywing vanaf 1932 tot 1940:

Tabel 74.

(Natal)
Alle Indiërskole met gemiddelde inskrywing, 1932-1940.

	Aantal Skole	Gemiddelde inskrywing.	
1932	88	17,088	
1934	98	18,961	
1936	99	22,676	
1938	105	23,600	
1940	113	27,781	(6)

Bostaande tabel toon dat tussen 1932 en 1940 die aantal skole met 25 meermeerder het en die leerlingtal met 10,693.

In 1930 het daar 7 laerskole en 1 middelbare skool net vir seuns en 4 laerskole net vir meisies bestaan. Die res was ko-educasieskole. Ook die 5 Onderwysersklasse is deur albei die geslagte bygewoon. (7)

Die belangrikheid van die vinnige groei wat deur bostaande syfers getoon word, is egter deur ander faktore aansienlik verminder. Behalwe die baie Indiërkinde wat nog nie op skool was nie, het faktore soos hitsakking en swak skoolbesoek groot invloed gehad.

-
- (1) Natal: Annual Report on Ed. 1911; Supt. of Educ. 11.
 (2) Natal: Annual Report on Edu. 1916; Supt. of Educ. 41.
 (3) Natal: Annual Report on Ed. 1921; Supt. of Educ. 57.
 (4) Natal: Annual Report on Ed. 1926; Supt. of Educ. 66.
 (5) Natal: Annual Report on Ed. 1931; Supt. of Educ. 80.
 (6) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 25a.
 (7) Natal: Annual Report on Ed. 1930; Supt. of Educ. 67.

(b) Uitsakking en 'n verbeterde skoolbesoek.

Heelwat leerlinge het nie lank genoeg op skool gebly om daar voordeel uit te trek nie. Die volgende tabel bewys hoeveel leerlinge tussen Graad I en Standerd VI verdwyn het in die jare 1921 tot 1940. Die tabel gee die skoolbesoek vir hierdie jare volgens standerds ingedeel:

Tabel 75.

Leerlinge volgens standerds ingedeel, 1921-1940. (Natal)

	Graad I	Graad II	S.d. I	Std. II	Std. III	Std. IV	Std. V	Std. VI
1921	3310	888	966	761	551	382	209	67
1922	2469	2071	1099	853	644	425	170	88
1923	2617	2098	1102	940	662	499	206	63
1924	2386	2222	1070	1010	714	513	228	76
1925	2482	2234	1134	998	801	549	194	106
1926	2743	2151	1225	1026	802	648	210	98
1927	2868	2625	1573	1146	882	633	319	92
1928	3641	2896	1497	1297	964	698	425	158
1929	4706	2832	1770	1436	1152	859	533	263
1930	5570	2726	2214	1583	1187	841	602	402
1931	6146	2489	2556	1840	1357	984	653	537
1932	6106	2433	2435	2069	1456	1030	687	539
1933	6124	2688	2680	2083	1683	1184	716	631
1934	6439	2973	2819	2055	1729	1353	840	647
1935	7543	2891	2821	2445	1745	1364	988	747
1936	6686	3606	2815	2609	2074	1522	1121	923
1937	6057	4156	3364	2453	2267	1652	1118	988
1938	6179	3790	3803	2876	2153	1842	1229	929
1939	6637	3881	3730	3334	2532	1730	1385	1151
1940	7825	4146	3796	3205	2829	1983	1287	1069

Hierdie tabel toon aan dat daar maar 'n klein persentasie leerlinge uiteindelik standerd VI bereik. Van die 3310 leerlinge in Graad I in 1921 het net 158 standerd VI in 1928 bereik. (d.i. 4.8%) Van die 4706 leerlinge in Graad I in 1929 was net 923 in Standerd VI in 1936. (d.i. 19.6%) Van die 6124 leerlinge in graad I in 1933 was net 1069 in standerd VI in 1940. (d.i. 17.5%) Die persentasie wat standerd VI haal het egter aanmerklik ver-

meerder.

In 1921 was 57% van die leerlinge in die grade. In 1930 37.8%, in 1940, 28.2%. Hierdie jare het dus ook 'n meer normale verspreiding van die leerlinge oor die standarde meegebring.

Onreëlmatige skoolbesoek het ook groot invloed gehad op die onderwys. Die volgende tabel gee die persentasie skoolbesoek vir die jare 1921 tot 1931:

Tabel 76.

Persentasie skoolbesoek, 1921-1931. (Natal)

	1921	1923	1925	1927	1929	1931
Persentasie	84	86	86	87	87	90.

Daar was dus 'n merkbare verbetering in die skoolbesoek.

Daar was egter nog te veel kinders van skoolgaande ouderom wat glad nie die skool besoek het nie. In 1931 het die Superintendent van Onderwys in hierdie verband opgemerk: "If it be assumed that the European standard of having approximately 16% of its population at school should be aimed at for Indians, it would be necessary to cater for an additional 9500 pupils." (1)

As hierby in aanmerking geneem word dat byna die helfte van die leerlinge in die grade was en dat daar byvoorbeeld uit 'n totaal van 6146 leerlinge in graad I in 1931 net 1522 standerd IV in 1936 bereik het (d.i. 25%), dan kon geletterdheid seker nie normaal bevorder word nie.

'n Ander faktor wat sterk beklemtoon moet word, is dat 50% van die leerlinge wat ingeskryf is, bo die normale ouderdom vir die grade was. (2) Die volgende tabel gee die inskrywing vir seuns en meisies in al die Indiërskole vanaf 1932 tot 1934, ingedeel onder bo-normale-, normale- en benede-normale ouderdom vir die klasse waarin hulle was:

(1) Kuppusami Indian Education in Natal, 1860-1946; 20-21.
(2) t.a.p.; 21.

Ouderdomme van leerlinge, 1932-1934. (Natal)

	1932		1933		1934.	
	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies	Seuns	Meisies
Bo-normale						
Ouderdom: 10,818	2918		11,512	3242	12,124	3584
Normale						
Ouderdom: 2321	931		2271	1019	2,343	1076
Benede-normale						
Ouderdom: 27	11		27	13	34	14
Persentasie						
bo-normale						
Ouderdom: 82.2	79.3		83.4	75.9	83.6	76.7

In 1934 was uit 'n totaal van 4331 in graad I, 3381 bo die normale ouderdom. Omdat daar nie verpligte skoolboek is nie kom die Indiërkind dus eers baie laat in die skool- gewoonlik eers nadat die meeste 'n kursus in hulle privaat kerkskole deurloop het. Die meeste is reeds van 8 tot 9 jaar oud as hulle in die gewone skole kom. In die voor- skoolse jare leer die Mohammedaan die Koran, Gujerati en Urdu in die Madressas en die Hindoe sy moedertaal in die Hindoe-Tamil-instituut of privaat, (1)

Omdat die Indiërkinders betreklik laat skool toe kom is in 1932 aanbeveel om die klassifikasie-stelsel so te wysig dat die ouer en skranderder leerlinge gouer bevoor- der kan word. Ook is 'n voorbereidende klas voor graad I aanbeveel waar die leerlinge se kennis van die voertaal, (2) nl. Engels, verbeter kon word.

(c) Verhoogde private inisiatief by die oprigting van skole.

Alhoewel die Indiërs in hierdie periode 'n groter mate van ondersteuning aan staats- en ondersteunde skole gegee het, het hulle ook wat die oprigting van skole betref, inisiatief ge-openbaar. Reeds in 1902 het hulle die Hindoeskool in Pietermaritzburg opgerig en in 1910 die Anjuman-Islamskool in Durban. Met die doel om vry-

(1) The Transvaal Indian Congress: Statement submitted to the Transvaal Education Inquiry Commission: 1937; 12.

(2) Natal: Annual Report on Education 1932; Supt. of Education; 23-24.

184.
moedertaal-onderwys te verskaf het hulle verder in die lewe geroep die Durbanse Anjuman Tamilskool, die Pietermaritzburgse Hindoe Tamilskool, die "Hindu-National"-skool aan die Suid-kus en die "National-" skool te Greenwood Park. Middelbare onderwys sou verskaf word in die "Private High School", Pietermaritzburg en in die "Indian Educational Institute", Durban. (1)

(d) Algemene opmerkings.

In 1919 is 'n Juniorskool vir Durban aanbeveel. Hierdie skool sou die druk op die seningskole verlig en dien as 'n demonstrasieskool vir Indiëronderwysers. (2)
In 1928 het die Departement in die vooruitsig gestel om gedurende die daarop-volgende vyfjaar, 20,000 nuwe leerlinge tot die skole toe te laat. Dit het beteken dat onderwysers jaarliks met 100 en die skole met 30 tot 40 vermeerder moes word. Hierdie ideaal is nie verwesenlik nie. (2)
In 1929 was daar reeds gemeenskappe wat 15 jaar vir 'n skool gewag het. (3)

In 1927 het net 19 laerskole verder as standerd IV onderrig gegee, en selfs die wat tot standerd VI gegaan het, het net 'n paar leerlinge in standerd V en VI gehad. Net 5% van die leerlinge was in standers bokant standerd IV. (4)

Reeds in 1915 is 'n stelsel van oorplasingskaarte ingevoer. Leerlinge moes toe by hulle toelating 'n bewysstuk van hulle vorige skool inhandig wat aantoon die bedrag van die skoolgelde wat hulle betaal het, asook die standerd waarin hulle onderwys ontvang het. (5)

2. Aandag aan die Inhoud en Gehalte van die Skoolwerk.

(a) Die verbeterde leerplanne en die behoeftes van die Indiërs.

Indiërskole het dieselfde leerplan gevolg as blanke skole. Die Indiërs verkies ook nie 'n aparte leerplan en aparte eksamens nie.

- (1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 197-198.
(2) Natal: Annual Report on Ed. 1928; Supt. of Ed. 17-18.
(3) Natal: Annual Report on Ed. 1929; Supt. of Ed. 13.
(4) Kichlu: Memorandum on Education in Natal; 3-4.

K. Kichlu wou ook die gewone leerplan volg maar het voorgestel dat die Indiërkinders toegelaat moes word om voorlopig soveel van die vakke as moontlik te neem. (1)

Die leerplan moes egter meer aanpas by die werk van die ouers b.v. boere en tuiniers. (2) Landbou in die een of ander vorm is dus wenslik.

Vaardigheid in landbou is 'n belangrike kenmerk van die Natalse Indiër, maar blykbaar is hierdie vak verwaarloos in die skole. (3) Kichlu het gereken dat die leerplan van plaasskole landbou moes insluit en dat die leerlinge aangemoedig moes word om in die lande te werk. Onderwysers in hierdie skole moes ook 'n kennis van landbou hê. (4)

Van Indiërkant is in 1936 daarop gewys dat die onderwys nie eintlik die leerlinge vir die lewe voorberei nie. (5)

'n Oordrewe akademiese opleiding hou 'n definitiewe gevaar in. (6)

'n Nuwe leerplan waarin handwerk en huishoudkunde beklemtoon is, is in 1913 ingevoer en spesiale toelaes is vir handwerk en huishoudkunde gegee. (7) Die behoefte aan 'n vorm van hande-arbeid vir die groter seuns wat meer eis as kartonwerk, is in 1932 uitgespreek. (8)

Afrikaans is nog nie in die laerskoolleerplan ingesluit nie, alhoewel die Indiërs dit graag wil leer. By die woon aadkklasse by om Afrikaans te leer. Alhoewel die Indiër-onderwysersvereniging Afrikaans uiteindelik as 'n verpligte vak wil hê, het hulle aanbeveel dat dit voorlopig 'n opsionele vak sal wees en dat onderwysers aangemoedig

-
- (1) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Natal; 22.
 (2) The Indian Educator, March 1932.
 (3) Natal: Annual Report on Ed. 1932; Supt. of Ed. 23-24.
 (4) Kichlu: Memorandum on Indian Education in Natal; 22.
 (5) The Natal Mercury; 2.7.36.
 (6) Jones-Commission: Education in Africa; 17.
 (7) Natal: Annual Report on Ed. 1913; Supt. of Ed. 10.
 (8) Natal: Annual Report on Ed. 1932; Supt. of Ed. 23-24.

186, (1)
moes word om dit te leer.

In 1930 is aanbeveel dat die vereenvoudigde Engelse leerplan wat in blanke skole ingevoer sou word, nog een-
voudiger gemaak moes word vir Indiërskole. (2) Om die leerlinge se kennis van Engels te verbeter is 'n beginnersklas, voor die grade, ingevoer en in 1937 het die departement 'n uitgewerkte leerplan vir hierdie klas gepubliseer. (3)

Na 'n sorgvuldige ondersoek het die organiseerder van Musiek in 1929 aanbeveel: "That music in Indian schools in Natal be developed on European lines." (4)

Verder het die leerplan bestaan uit die gewone laerskool vakke.

(b) Pogings om die gehalte van die werk te verbeter.

In die grade was die werk baie onbevredigend. Die werk wat daar gedoen is, is soos volg gekarakteriseer: "Verbiage is the greatest part of the instruction, coupled with deadening repetition." (5) Klasse kon baiekeer deur die hele les lees sonder om in die boek te kyk. (6)

Besliste pogings is sedert 1921 aangewend om die ou alfabetiese metode van leesonderwys te vervang deur die fonetiese metode. Die vordering was egter baie langsaam omdat die onderwysers geen kennis van die nuwe metode gehad het nie. (7)

Voorbereiding en verslag van werk was reeds in 1924 'n vereiste maar in sekere gevalle het dit ontaard in 'n blote formaliteit geword omdat die doel nie verstaan of waarder is nie. (8)

(1) The Indian Educator; December 1931.

(2) Natal: Annual Report on Ed. 1930; Supt. of Ed. 13-15

(3) Natal: Introductory Class in Indian Schools-Scheme of instruction.

(4) Natal: Annual Report on Ed. 1929; Supt. of Ed. 37-38

(5) Natal: Annual Report on Ed. 1916; Supt. of Ed. 22.

(6) Natal: Annual Report on Ed. 1926; Supt. of Ed. 18-19

(7) Natal: Annual Report on Ed. 1921; Supt. of Ed. 20.

(8) Natal: Annual Report on Ed. 1924; Supt. of Ed. 20-21

Die Indiërleerlinge het vir die eerste keer in 1929 die laerskooleksamen geskrywe en 33 kandidate het geslaag.⁽¹⁾

3. Hulpverlening vir Skoolgeboue en Uitrusting.

Die geboue en die uitrusting in ondersteunde skole het nog heelwat te wense oorgelaat. In 1929 is egter aangekondig dat die administrasie vir uitbreiding en ameubelment 'n bedrag van £9000 toegeken het. Hierdie bedrag sou na die volgende boekjaar oorgeplaas word as dit nodig geblyk het.⁽²⁾ Omdat feitlik alle beskikbare gelde aan salarisse bestee is, sou fondse vir uitrusting en geboue, so is in 1929 meegedeel, uit ander bronne verkry moes word. Vir hierdie doel kon egter moontlike onverwagte oorskotte aangewend word.⁽³⁾

Heelwat aansoeke vir geboue is in 1930 geweier en die beleid is neergelê dat die Indiërs moes sorg vir geboue en die administrasie sou sorg vir die salarisse van die onderwyers. Die provinsie het vanaf 1910 tot 1928, £22,843 uitgegee vir staats- en ondersteunde geboue, terwyl die Indiërs vir ondersteunde en privaat geboue £50,000 bygedra het.⁽⁴⁾ Die behoefte aan die nodige leiding is egter gevoel waar Indiërs die skole moes laat bou.⁽⁵⁾

In 1934 het die administrasie in die bresse getree met 'n hulptoelaag. Hierdie toelaag het ondersteunde skole instaat gestel om die dringendste reparasies aan te pak. Die som van £700 is ook hierdie jaar beskikbaar gestel om meubels en toerusting aan Indiërskole te voorsien. Kárte, skryfborde, banke en ander meubels kon aangekoop word.⁽⁶⁾

(1) Natal: Annual Report on Education 1929; Supt. of Education; 13.

(2) Natal: Annual Report on Ed. 1928; Supt. of Ed. 14.

(3) Natal: Annual Report on Ed. 1929; Supt. of Ed. 16.

(4) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 219.

(5) Natal: Annual Report on Ed. 1931; Supt. of Ed. 9

(6) Natal: Annual Report on Ed. 1934; Supt. of Ed. 17-19.

Daar het egter nog 'n sterk behoefte bestaan aan 'n vaste beleid in verband met die toekenning van bou-toelaes aan ondersteunde skole en 'n bouprogram was ook dringend nodig.⁽¹⁾

4. 'n Aanmerklike verhoging in die uitgawes en Inkomstes.

Die verhoogde belangstelling word ook duidelik bewys deur die uitgawes en inkomstes. In 1923 was daar 9 staatskole met 'n gemiddelde inskrywing van 1983 leerlinge en elke leerling in hierdie soort skool het die staat £6-0-6 gekos. In dieselfde jaar was daar 43 ondersteunde skole met 'n gemiddelde inskrywing van 8414 leerlinge en elke leerling in hierdie skole het die staat £1-13-9 gekos. Dit is dus duidelik waarom die beleid van ondersteuning voorrang geniet het. Die beleid van finansiële "self-help" is duidelik deur die hoofinspekteur in 1932 neergelê.⁽²⁾

Die volgende tabel toon die totale koste vir Indiër-onderwys in die jare genoem:

Tabel 78.

Totale uitgawes vir Indiër-onderwys, 1911-1934. (Natal)

	1911	1915	1919	1923.
Uitgawe	£6756-12-3.	£8715-19-7.	£14168-6-3.	£25133-16-3.
	(3)	(4)	(5)	(6)
	1927	1931	1934.	
	£35981-16-6.	£59094-17-8.	£72151-6-9.	
	(7)	(8)	(9)	

Opmerklik is die styging in die uitgawes sedert 1927. Tussen 1927 en 1934 is dit verdubbeld. Vir staatskole alleen is in 1911, £2890-5-7 uitgegee en in 1923,

-
- (1) Kichlu: Memorandum on Indian Education; 12-17.
 (2) The Natal Mercury. 27-3-33. (19
 (3) Natal: Annual Report on Ed. 1911; Supt. of Ed. 11, 18-
 (4) Natal: Annual Report on Ed. 1915; Supt. of Ed. 23, 28.
 (5) Natal: Annual Report on Ed. 1919; Supt. of Ed. 98, 110
 (6) Natal: Annual Report on Ed. 1923; Supt. of Ed. 48, 143
 (7) Natal: Annual Report on Ed. 1927; Supt. of Ed. 99.
 (8) Natal: Annual Report on Ed. 1931; Supt. of Ed. 68.
 (9) Natal: Annual Report on Ed. 1934; Supt. of Ed. 81.

£11,946-13-5.

Die volgende tabel toon die gemiddelde koste per leerling bereken op die gemiddelde inskrywing, vir die jare genoem:

Tabel 79.
Gemiddelde koste per leerling, 1911-1931. (Natal)

	1911	1917	1927	1931
Koste per leerling	£1-14-5	£1-10-11	£3-13-0	£4-4-7
	(1)	(2)	(3)	(4)

Hierdie uitgawe het sedert 1927 gestyg maar het nog nie die subsidie van £5-5-0 per leerling bereik nie. In 1937 is nog geklaar dat die administrasie min vir Indiër-onderwys uitgee. (5)

Die volgende tabel toon die skoolgelde wat deur staatskole in die jare genoem, inbetaal is:

Tabel 80.
Terugbetalings van staatskole, 1911-'34. (Natal)

	1911	1916	1921	1926	1931
Terugbetaling	£464-9-8	£503-0-9	£1193-7-8	£1379-14-8	£2756-6-5
	(6)	(7)	(8)	(9)	(10)
	1934.				
	£5258-4-3				
	(11)				

Die bedrag vir 1934 is ongeveer 7 keer so groot as die vir 1911.

'n Vergelyking van die uitgawes aan Indiër-, Kleurling- en blanke skole, openbaar belangrike feite. Behalwe die gewone subsidie is in die jare 1926 en 1927 aan die onderwys van blankes 'n ekstra £168,914 en aan Kleurlingonderwys 'n ekstra £22,966 uitgegee. Aan die ander kant is in hierdie jare 'n bedrag van £18,817 minder as die subsidie ontvang, aan Indiër-onderwys uitgegee. (12)

- (1) Natal: Annual Report on Ed. 1911; Supt. of Ed. 2.
 (2) Natal: Annual Report on Ed. 1917; Supt. of Ed. 3.
 (3) Natal: Annual Report on Ed. 1927; Supt. of Ed. 4.
 (4) Natal: Annual Report on Ed. 1931; Supt. of Ed. 4.
 (5) The Tribune. 11.7.37.
 (6) Natal: Annual Report on Ed. 1911; Supt. of Ed. 11.
 (7) Natal: Annual Report on Ed. 1916; Supt. of Ed. 41.
 (8) Natal: Annual Report on Ed. 1921; Supt. of Ed. 57.
 (9) Natal: Annual Report on Ed. 1926; Supt. of Ed. 66.
 (10) Natal: Annual Report on Ed. 1931; Supt. of Ed. 59.
 (11) Natal: Annual Report on Ed. 1934; Supt. of Ed. 63.
 (12) Kuppusami: Education in Natal, 1860-1946; 19a.

Die volgende tabel gee 'n vergelyking van die netto uitgawe per leerling in Blanke-, Kleurling- en Indiërskole in 1926 en 1927:

Tabel 81.

Uitgawe per leerling: Blank, Kleurling, Indiër, 1926-1927. (Natal)

	Aantal Leerlinge	Netto uitgawe per leerling
1925/26		
Staatskole vir blankes	20,119	£20 -7 -1
Ondersteunde skole vir blankes	1,186	6 -6 10
Staatskole vir Kleurlinge	1,117	17 13 -6
Ondersteunde skole vir Kleurlinge	654	5 6 2
Staatskole vir Indiërs	1,752	7 9 0
Ondersteunde skole vir Indiërs	5,610	2 18 11
1926/27		
Staatskole vir blankes	19,467	20 13 10
Ondersteunde skole vir blankes	2,182	4 9 11
Staatskole vir Kleurlinge	1,027	18 17 1
Ondersteunde skole vir Kleurlinge	697	5 2 10
Staatskole vir Indiërs	1,829	7 5 6
Ondersteunde skole vir Indiërs	6,140	2 16 5 (1)

In die geval van die blankes en Kleurlinge is die meeste skole staatskole, maar die meeste Indiërskole is ondersteunde skole. Die uitgawe per leerling is ook die laagste in die geval van die Indiërs. Omtrent al die onderwysers in Kleurlingskole was blankes wat die salaris van blanke onderwysers ontvang het. Ook is die hulptoelae in Kleurlingskole volgens die skaal vir blankes betaal. Daarom was die uitgawe per leerling in die geval van Kleurlingskole hoër as in die geval van Indiërskole. (2)

Die wet insake provinsiale subsidies is in 1925 gepaseer. Volgens hierdie wet word die subsidie betaal op die gemiddelde skoolbesoek van die vorige jaar. Die provinsie ontvang £5.50 vir elke Indiërleerling wat 7 jaar en ouer is. (3)

- (1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 19a
 (2) Natal: Annual Report on Ed. 1927; Supt. of Ed. 8-9
 (3) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 17.

191.

As ons ~~hierdie~~ subsidie nader ondersoek, dan vind ons die volgende: (1). Die subsidie word betaal op die vorige jaar se gemiddelde skoolbesoek. Dit sou normaalweg nie onredelik wees nie. Maar die vinnige groei van Indiër-~~onderwys~~ na die Kaapstadse Ooreenkoms, verander die posisie wel. In vergelyking met 1928 het die aantal Indiërleerlinge in 1929 met ongeveer 20% vermeerder. Die provinsie moes dus aan ses kinders onderwys gee met die subsidie wat vir vyf kinders ontvang is. Dit verminder dan ook die subsidie vanaf £5-5-0 tot £4-7-6 per leerling.

(2). Die subsidie van £5-5-0 word vir alle leerlinge ontvang in staats- en ondersteunde skole. Staatskole is egter duur skole en kos die provinsie meer as die subsidie wat per leerling ontvang word. Die gevolg is dat die bedrag wat vir ondersteunde skole beskikbaar is, heelwat laer per leerling is.

(3). Geen subsidie word betaal vir leerlinge onder 7 jaar nie. Hierdie feit is belangrik as onthou word dat die grootste deel van die Indiërleerlinge in die grade is en dat die toestroming na 1928 die aantal leerlinge onder 7 jaar baie vermeerder het. Een uitweg sou wees om nie leerlinge onder 7 jaar toe te laat nie, maar dit sou vir Indiër-~~onderwys~~ baie skadelik wees aangesien die vreemde voertaal hulle vordering reeds een jaar vertraag.

(4). Dit blyk dwaas te wees om te reken dat Indiër-~~onderwys~~ verhef kan word tot die blanke standaard, as hulle minder as een-derde ontvang van wat vir ^(blanke)leerlinge betaal word. (1)

Herhaaldelik is deur die Indiërs gekla dat die volle subsidie wat vir Indiër-~~onderwys~~ ontvang is, nie vir Indiër-~~onderwys~~ aangewend is nie. In 1929 het die administrasie besluit om die volle bedrag van hierdie

(1). Natal: Annual Report on Education 1929; Supt. of Education; 15-18.

192.
subsidie vir die bevordering van Indiër-⁽¹⁾onderwys in Natal
aan te wend. In Desember 1938 het die Natalse Indiër-
kongres egter beweer dat die volle subsidie nog nie vir
Indiër-onderwys aangewend is nie.⁽²⁾

Alleen 'n verhoogde subsidie sal aan die behoeftes
van die vinnig groeiende Indiër-onderwys kan voorsien.

5. Pogings om die Onderwys van Meisies te bevorder.

Alhoewel die aantal meisies wat die skool besoek
het vermeerder het, is daar nog baie van skoolgaande
ouderdom wat nie op skool is nie. Pogings is dus aan-
gewend om hulle skoolbesoek te verhoog. In 1934 was
daar na skatting nog 10,000 meisies van skoolgaande
ouderdom nie op skool nie.⁽³⁾

Die volgende persentasie van die skoolbevolking was
meisies. (1932-1937):

Tabel 82.

		(Natal)					
Meisies: Persentasie van die Skoolbevolking, 1932-1937.							
		1932	1933	1934	1935	1936	1937.
Persentasie		22.5	32.6	24.4	26.1	26.7	27.8

Die bywoning bly dus maar swak tenspyte van goeie
middelbare onderwys in Durban, verminderde skoolgelde,
onderrig in huishoudkunde en huisvlyt en 'n akademiese
matrikulasie.⁽⁴⁾

Met die doel om vanaf standerd IV tot matriek op te
lei is met 'n meisieskool in 1929 begin. Die ondersteun-
ing was egter teleurstellend.⁽⁵⁾ Van Indiërkant word
egter ook propaganda gemaak vir die onderwys van mei-
sies,⁽⁶⁾ maar hulle ver-kies dat meisies apart van seuns
onderrig sal word.⁽⁷⁾

-
- (1) Natal: Annual Report on Ed. 1929. Supt. of Ed. 15-18
 - (2) Natal Indian Congress: Conference 10/12/1938.
 - (3) Peels: European, Coloured and Native Education
in South Africa 1652-1938; 132.
 - (4) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education
in Natal, 1860-1937; 221.
 - (5) Natal: Annual Report on Education 1929; Supt. of
Education ; 221.
 - (6) The Natal Mercury. 13.4.39.
 - (7) The Natal Mercury. 12.12.38.

6. Vermeerdering van die aantal vry-leerlinge en die Behoeftte aan verpligte onderwys.

In 1915 het 382 leerlinge in Indiërskole vry onder-
rig en boeke, of die een of die ander ontvang. Kinders
in Staatskole wat nie kon betaal nie, het vry onderrig
ontvang, maar leerlinge wat hulle 16 jaar bereik het
kon nie sonder die goedkeuring van die Uitvoerende Kom-
tee toegelaat word of in staatskole bly as vry-leerlinge
nie; tensy hulle kandidaat-onderwysers was. ⁽¹⁾ In 1934
was daar 417 vry-leerlinge in staatskole en ongeveer 2500
⁽²⁾ in ondersteunde skole.

Daar was egter 'n sterk gevoel dat vrystelling van
skoolgelde meer algemeen moes geskied. Hoofonderwysers
kon toegelaat word om tot 20% vrystelling op hulle
inskrwyng toe te laat. Waar meer as een kind uit
dieselfde familie skool besoek het, moes net een volle
skoolgelde betaal. ⁽³⁾

Die Natalse Indiërkongres het reeds in 1928 gewra
vir verpligte onderwys. ⁽⁴⁾ Die Departement van Sosiale Wel-
vaart verplig elke Indiërkind wat onderhoudstoelae ontvang
om die laerskool te besoek totdat hy 16 jaar oud is. 'n
Kind wat weens gebrek aan akkomodasie dit nie kon doen
nie is egter vrygestel. Kichlu het aanbeveel dat fasi-
liteite eers uitgebrei moes word. Dan moes verpligte onde-
wys toegepas word vanaf 7 tot 13 jaar en standerd IV en
later vanaf 7 tot 15 jaar en standerd VI. In die begin
kon dit net op seuns toegepas word, maar later ook op mei-
sies vanaf 7 tot 12 jaar. ⁽⁵⁾ S.Sastri wou temminste 5
jaar verplig en die kommissie van 1937 wou dit vereers in
uitgesoekte distrikte vir albei die geslagte toepas vanaf
⁽⁶⁾ 7 tot 14 jaar.

(1) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in
Natal, 1866-1937; 204-205.

(2) Natal: Annual Report on Ed. 1934; Supt. of Ed. 17-19.

(3) Kichlu: Mermorandum on Indian Education in Natal;
23-24.

(4) Natal Indian Congress: Statement submitted to Indian
Education Inquiry Committee; 8.

(5) Kichlu: Mermorandum on Indian Education in Natal; 17.

(6) Kuppasami: Indian Education in Natal, 1860-1946;
26-27.

In 1929 het die departement daarop gewys dat verpligte onderwys by blankes baie kos maar dat blankes onderwys meer waardeer as Indiërs. Indiërs wat swak lere ontvang sou in die versoeking gestel word om die gereelde skoolbesoek van hulle kinders te strem en om hulle kinders te vroeg uit die skool te haal. So lank as wat die vinnige groei van Indiër-onderwys gehandhaaf word en klaskamerruimte so beperk was, sou dit wys wees om die probleem van verpligte onderwys eers daar te laat. (1)

Die volgende is argumente vir verpligte onderwys:

- (1) Dit sal die ouers verplig om hulle kinders na skool te stuur.
- (2) Dit sal die meisies in die skool bring.
- (3) Dit sal die staat verplig om ondersteunde- en privaat skole oor te neem.

Die volgende is argumente teen verpligte onderwys:

- (1) Dit sal 'n terugslag wees vir die ouers wie se kinders moet werk.
- (2) Dit sal baie kos.
- (3) Dit sal die Mohammedane ontevrede maak as hulle dogters na skool gedwing word.
- (4) Daar is 'n tekort aan opgeleide onderwysers en geboue. (2)

7. Pogings om Moedertaal-onderwys te verskaf.

- (a) 'n Offisiële taal as voertaal in staats- en ondersteunde skole.

Die voertaal in die Natalse Indiërskole is Engels. Die Departement reken dat dit nie eintlik belemmerend in werk op die vordering van die Indiërkind nie en dat een ekstra jaar se onderwys hom intaat behoort te stel om die leerplan vir die skole van blankes met vrug te volg. (3)

Die Departement erken egter "no educationist would sanely advocate any but mother-tongue as medium in principle," maar daar word tenminste 5 Indiërtale gemaak, en in die meeste skole sal al vyf tale ingevoer

- (1) Natal: Annual Report on Education 1929; Supt. of Education; 16.
- (2) Miller: Informasie oor Indiër-onderwys in Natal (Vraelys); 3.
- (3) Natal: Annual Report on Education 1929; Supt. of Education; 16.

moet word as daar tot moedertaal-onderwys oorgegaan moet
(1)
word.

Die onderwyskommissie van 1922 het dit nie as die plig van die staat beskou om onderwys te gee deur middel van 'n voertaal wat vreemd is aan sy land nie. Die gekose komitee van 1926 het homself onbekwaam beskou om enige aanbevelings in verband met moedertaal-onderwys te doen; veral omdat daar so baie dialekte gepraat word en die onmoontlikheid om onderwysers te kry wat deur die moedertaal
(2)
onderwys kon gee.

Sterk besware is egter in 1932 van Indiërkant geopper
(3)
teen Engels as voertaal op laerskool.

(b) Private ondernemings en moedertaal-onderwys.

Toe die Indiërs na Suid-Afrika gekom het, het hulle hul tradisie^s/en kultuur meegebring. Die mens-eie wat hulle saamgebring het het hulle oorgeplant in hulle aangenome vaderland met baie min veranderings, tenspyte van 'n omgewing wat heeltemal anders is as die waaraan hulle gewoon was. Met die hulp van diegenes wat die moedertaal kon lees het hulle godsdienstige gedigte en heilige liedere geleer. Ook is die kultuur deur die meer ontwikkelde mondelinge
(4)
oorgedra aan die ander.

Die onderwyskommissie wat die onderwys aan volwasse nes ondersoek het, het daarop gewys dat die Indiërs 'n oorgangsperiode belewe in die rigting van die Westerse sosiale organisasie. Wat hiertoe baie bydra is die feit dat reeds vier-vyftes van die Indiërs in Suid-Afrika gebore is en hulle verwyder is van hulle oorspronklike vaderland. Maar die kommissie het vervolg: "But Indians still form a distinctly separate group. In the cultural

(1) Natal: Annual Report on Education 1924; Supt. of Education; 12.

(2) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 203-204.

(3) Natal: Annual Report on Education 1923; Supt of Education; 12.

(4) Kuppasami: Indian Education in Natal; 1860-1946;

196.
as well as in the racial field they still stand apart
and those of the younger generation are attached to their
religion although in the business world they are seeking
to link up with the European." (1)

Die volgende is ge-organiseerde pogings waardeur die
Indiër-kultuur in Natal gepropageer word:

(1) Die Suid-Afrikaanse "Hindu Maha Sabha." Dit is
godsdienstig van aard met die volgende doels tellings;

(a) Om die godsdienstige, opvoedkundige, sosiale en
ekonomiese welvaart en vooruitgang van die Indiërgemeenskap
in Suid-Afrika te bevorder.

(b) Om 'n studie van Indiërfilosofie te bevorder
en om die kultuur en beskawing van Indië te propageer.

(c) Om biblioteke, liefdadigheidsinrigtings en skole
vir moedertaalonderwys op te rig.

Byna 80 godsdienstige en kulturele inrigtings in
Natal is hiermee ge-affilieer. (2)

(2) Die Mohammedaanse gemeenskap het hulle mos-
kees en elke moskee is 'n moedertaalskool verbonde wat
bekend is as 'n madressa.

(3) Die "Nizamia Muslim Society." Hierdie vereni-
ging het probeer om die werk van die verskillende Moham-
medaanse organisasies in Pietermaritzburg te ko-ordineer.
Die volgende is hulle doelstellings:

(a) Om onderwys onder die Mohammedane te bevorder.
Om te voorsien van, te onderhou en beheer uit te oefen
oor skole, madressas, biblioteke, koshuise en soortge-
lyke inrigtings; en om beurse en pryse aan arm belowende
studente toe te ken.

(b) Om die armes onder hulle geloofsgenote finan-
sieel te help om hulle instaat te stel om hulle godsdien-
stige pligte na

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 64.
(2) t.a.p.; 66-67.

Die volgende privaat onderwysinrigtings bedien die verskillende Indiër-taalgroepe:

(1) Tamil-Onderwys: Die eerste skool is in 1899 deur "Sathia Gnana Sangam" opgerig en in 1914 die "Hindu Tamil" instituut. Laasgenoemde het later ondersteuning van die staat ontvang. In die "M.K. Gandhi Senthamil"² skool wat in 1917 opgerig is word lees, skryf en gram³tika onderwys.

Die "Hindu Youngmen's Association" se "Youngmen's Tamil"- skool word deur 400 leerlinge besoek. Behalwe lees en skryf word ook musiek onderrig.⁽²⁾

(2) Telegu-onderwys:- Die "Samarasa Bodha Sabha" het in 1912 'n Telegu-skool in Tongaat opgerig. Die "Andhra Sabha" wat hier in 1914 ontstaan het, het ook 'n Telegu-skool opgerig. Hierdie twee verenigings het in 1922 ge-amalgam⁴meer en die "Tongaat Andhra Samarasa Bodha Sabha" gevorm.

In 1931 het die "Andhra Maha Sabha" te Stella Hill 'n Telegu-skool opgerig waarin tot standerd VI onderwys gegee is. In 1933 is 'n Telegu-skool te Clairwoord opgerig deur die "Pathmajurani Andhra Sabha." Hier word die hele dag deur twee onderwysers onderwys aan meer as 300 leerlinge gegee.⁽³⁾

(3) Hindi-onderwys:- In hierdie gemeenskap kan twee groepe onderskei word: (a) Die ortodokse Hindoe wat die tradisies en gewoontes van Indië letterlik volg en (b) die hervormingsgroep waaronder geen klasse- of kaste-onderskeid meer bestaan nie. Hulle het laat begin met die oprigting van skole.

In Clairwood is in 1932 'n Hindi-skool opgerig deur die "Yuvuk Arya Samaj." Behalwe lees, skryf en rekene word hier ook geskiedenis, poësie en die Vediese bybel onderrig.⁽⁴⁾

(1) Kuppusami: Indian Education in Natal 1860-1946; 67.

(2) t.a.p.; 70-72.

(3) t.a.p.; 73-74.

(4) t.a.p.; 74-75.

(4) Gujarati-Hindoe-onderwys: Hier is ook twee groepe

(a) Die suraties van Surat en (b) die Kathiawaries van Kathiawar. Dit is twee distrikte van Bombaai. Die "Surat Educational Society" het 'n skool in Bondstraat opgerig waarin tot standerd VI onderrig gegee word. Die leerplan en die handboeke van die skole van Bombaai word hier gevolg.

(5) Mohammedaanse Onderwys:- Hier is drie groepe: (a) Die Gujarati-sprekendes van Bombaai, (b) die Urdu-sprekendes van Noord-Indië en (c) die Tamil-sprekendes van Suid-Indië.

Alle Mohammedane moet Arabies leer om die Koran te kan lees. Hulle eerste madressa is in Durban in 1895 gebou. Die belangrikste vak is 'n studie van die Koran. Vanaf 1914 is hierdie Moskee en Madressa beheer deur die "Juma Musjid Trust." In 1933 het hierdie skool uitsluitlik vir meisies beskikbaar geword, en die seuns het toe madressas in Pinestraat en Maystraat bygewoon.

Die Trust-skool gaan tot standerd V en bied Urdu, Arabies, Gujarati en Engels aan. Geen kind leer Engels voordat hy nie een jaar se werk in Arabies, Urdu en Gujarati voltooi het nie.⁽¹⁾

(6) Opmerkingss-

Daar bestaan madressas en moedertaalskole feitlik in elke dorp in Natal. Kichlu het melding gemaak van 15 Hindoeskole en ongeveer 40 Mohammedaanse skole. Hierdie skole word deur verskillende liggame beheer en deur heelwat meisies besoek. Daar bestaan ook privaat Engelse skole in omgewings waar daar nie gewone skole is nie. Hierdie skole volg die gewone leerplan. Die meeste van hierdie skole is middag- en aandskole.⁽²⁾

Daar is egter 'n gebrek aan 'n ge-organiseerde stelsel. Daar is ook geen uniforme leerplan nie; en moedertaal-onderwys word gegee deur onderwysers met onvoldoende

(1) Kuppasami: Indian Education in Natal 1860-1946; 75-77.

(2) Kichlu: Mermorandum on Indian Education in Natal; 31-33.

kwalifikasies.

Omdat die meeste kinders wat die moedertaalskole besoek ook die staats- en ondersteunde skole besoek, word daar geweldig veel van die Indiërs geverg. Aggesien van sentimentele en kulturele oorwegings kan hierdie namiddagse moedertaalskole uit 'n opvoedkundigen en sielkundige standpunt nie aanbeveel word nie. Dit is ook wenslik dat die leerplan in hierdie skole beperk sal word tot lees, skryf en godsdiensonderrig. Die aantal dae vir moedertaal-onderwys moet ook beperk word tot 2 of uiters (1) 3 dae per week.

(8) 'n Toename in die Ekstra-Kurrikulêre Aktiwiteite van die Skole.

Met die Padvinder-beweging is in 1934 in Natal 'n begin gemaak en in 1936 is dit deur die Suid-Afrikaanse (2) Padvinderraad erken.

Skole soos die te Port Shepstone en Carislestraat het in 1934 hulle eie skoolblaaie uitgegee. Hierdie blaaie vergelyk gunstig met die van skole vir blankes.

Indiërskole beywer hulle ook om fondse vir spesiale doeleindes te in. So het die Port Shepstoneskool reeds in 1933 'n aansienlike bedrag ingesamel vir 'n skool-biblioteek. (3)

9. Die Belangstelling in die Onderwys verhoog deur die Onderwyskommissie van 1928.

(a) Die kommissie aangestel as gevolg van die Kaapstadse Ooreenkoms, 1926.

Die sogenaamde verheffings-klosule van die Kaapstadse ooreenkoms tussen die Unie-regering en die regering van Indië lui soos volg:- "The Union Government firmly believe in, and adhere to, the principle that it is the duty of every civilised Government to devise ways and means, and to take all possible steps for the upliftment of every section of their permanent population to the full

(1) Kichlu: Mermorandum on Indian Education in Natal; 78-80.

(2) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 57-58.

(3) Natal: Annual Report on Education 1933; Supt. of Education; 19.

200.

extent of their capacity and opportunities, and accept the view that in the provision of educational and other facilities the considerable number of Indians who remain part of the permanent population should not be allowed to lag behind other sections of the people." (1)

Op 10 Mei 1927 het die Provinsiale Raad besluit dat hulle met misnoeë bogenoemde besluit bejeën, aangesien Natal, wat veral in hierdie saak betrokke is, nie geraadpleeg is nie. Verder dat enige optrede uitgestel moet word totdat die Provinsiale Raad die volste geleentheid gehad het om sy sienswyse oor die saak/voor te lê.

In November 1928 het die Uitvoerende Komitee besluit om 'n onderwyskommissie aan te stel. Dit het dan ook geskied met provinsiale kennisgewing No. 82 van 1928. Vier lede van die Uitvoerende Komitee en drie ander provinsiale raadslede is aangestel.

Die diens van twee Indiese opvoedkundiges is tot die beskikking van hierdie kommissie gestel: Kailas P. Kichlu, Onderdirekteur van publieke onderrig, Verenigde provinsies van Agra en Oudh en Visekanselier van die Universiteit van Agra; en ^{Maj.} C. Gordon, ^(Sket) professor aan die onderwysers-opleidingskollege, Saidapet, Madras. Hierdie Indiese geleerdes het Indiër-onderwys in Natal deeglik ondersoek en hulle bevindings en aanbevelings in die vorm van 'n memorandum ingehandig. (2)

- (b) Die Kommissie se verslag en sy invloed op die groei van die onderwys.

Die volgende was die bevindings van die kommissie:

(1) Die bestaande fasiliteite in die dorpe en op die platteland was oor die algemeen onvoldoende vir die redelike eise van die Indiërgemeenskap.

(2) Die staatskole het min te wense oorgelaat, maar in die ondersteunde

- (1) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 211.
(2) t.a.p.; 212-214.

skole was die algemene toestand van die geboue en die status, salaris, en metodes waarvolgens die onderwysers betaal is, onbevredigend. (3) Die toelae op die bestaande basis was onvoldoende en sekere veranderings was wenslik. (1)

Die kommissie het die volgende aanbeveel:

(1) Dit was nodig om die bestaande fasiliteite vir die onderwys van Indiërkinders uit te brei. Hiervoor moes die aantal ondersteunde skole dwars deur die provinsie uitgebrei word, en daar moes voorsiening gemaak word vir staat-skole in die digter bewoonde areas "as and when funds permit." Geen verandering in die stelsel van ~~pry~~willige bywoning is aanbeveel nie.

(2) Die hulptoelaes op 'n hoofdelike basis moes verander word. Ondersteunde skole moes gegradeer word volgens gemiddelde skoolbesoek en toelaes moes betaal word op die grondslag van die provinsie se verantwoordelikheid vir die totale koste verbonde aan die onderwysers se salarisse. (2)

Verder is ook aanbeveel dat die hele subsidie vir Indiër-onderwys ontvang vir Indiër-onderwys uitgegee moes word; en dat die regering subsidie moes betaal op die lopende jaar se verhoogde skoolbesoek, omdat sodoende die abnormale groei van Indiër-onderwys die hoof gebied kon word. (3)

Kichlu se navorsing en hierdie verslag het besonder baie bygedra om die belangstelling in die onderwys van die massas te verhoog. Kort na hierdie verslag het 17 nuwe privaat skole met 'n inskrywing van 1700 leerlinge, ondersteuning gevra en hulle het dus staatsondersteunde skole geword. Ook is 'n nuwe stelsel van hulptoelaes uitgewerk wat alleen op salarisse gebaseer was. (4)

- (1) Kuppūsami: Indian Education in Natal, 1860-1946; 19.
- (2) Natal: Annual Report on Education; 1928; Supt. of Education; 14.
- (3) Kannemeyer: A Critical survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 217.
- (4) Natal: Annual Report on Education 1928; Supt. of Education; 14.

10. Samevatting.

Hierdie periode toon duidelik 'n verhoogde belangstelling in laeronderwys: Die aantal skole en leerlinge het aanmerklik vermeerder veral na die Kaapstadse ooreenkoms, die verslag van die onderwyskommissie van 1928 en Kichluse besoek. Die groei van die aantal opvoedkundige verenigings en moedertaalskole toon dat die Indiërs self onderwys-bewus geword, het. Die uitgawes aan Indiër-onderwys het baie gestyg, daar is meer meisies op skool en die algemene skoolbesoek het baie verbeter.

Aan die anderkant was daar nog baie Indiërkinders, veral meisies, wat nog nie die skool besoek het nie, die gemiddelde ouderdom van die leerlinge was besonder hoog en min leerlinge het die laerskoolperiode voltooi. 80% van die leerlinge was nog in die laagste klasse. Daar is baie gepraat oor vry- en verpligte onderwys, maar hierdie ideaal is aan die einde van hierdie periode nog nie verwesenlik nie. Ook moedertaal-onderwys was nog net 'n ideaal.

Die geboue en uitrusting het nog heelwat te wense oorgelaat. Die beleid is neergelê dat die Indiërs moes sorg vir geboue en die Departement sou die salarisse van die onderwysers betaal.

Gebrek aan voldoende fondse was die oorsaak dat nie tred gehou kon word met die vinnige ontwikkeling van Indiër-onderwys nie. Daar is dan ook herhaaldelik aanbeveel dat die subsidie verhoog moes word en op die lopende jaar se skoolbesoek betaal moes word.